

Oorsig van Merino studiegroep resultate vir die Oos-Kaap

AC Geyer*, H van Niekerk*, J Henning* & C Coetsee**



Die Merino bedryf het die afgelopen paar seisoene ekonomies baie goed presteer. Die studiegroep resultate toon baie duidelik dat die Merino met die wenkombinasie van wol en vleis baie goed gevaar het. Vir die Merino produsent om werklik volhoubaar te wees, verg effektiewe bestuursvaardighede.

In die Landbou-ekonomiese omgewing is daar op plaasvlak geweldig baie uitdagings wat die winsmarges beïnvloed.

Vir die Merino produsent is die inkomste van beide wol en vleis krities belangrik. Figuur 1 toon die 3 jaar gemiddeld wol-vleis verhouding van die Merino studiegroepe in die Oos-Kaap. Dit illustreer dat vir 'n Merino produsent in die Oos-Kaap die totale inkomste bestaan uit 67.80% vleis en 32.20% wol. Die 3 jaar gemiddeld van alle Merino studiegroepe se verhouding is 69.62% vleis inkomste en 30.38% wol inkomste.

Die studiegroep data bevestig dus die algemene norm van 70% vleis en 30% wol.



Figuur 1: Die 3 jaar gemiddelde wol-vleis verhouding van die Merino in die Oos-Kaap

Wolproduksie bly egter 'n baie belangrike faktor wat die inkomste van die Merino bepaal. Die studiegroep data het dit al telkens bewys dat die wolinkomste 'n groot gedeelte van die kostes dek. Sodoende kan die wins gedeelte uit die vleis verder verhoog word omdat wol die vleis se koste ook help betaal.

Figuur 2 toon die 3 jaar gemiddelde wolproduksie van die Merino. Hierdie resultaat word bereken deur die totale aantal kilogram wol geskeer te deel deur die totale aantal skaap geskeer. Die Oos-Kaap gemiddeld is 4.27 kg wol per skaap teenoor die 3-jaar gemiddeld van alle Merino studiegroepe van 4.13 kg.

Dit is duidelik dat die Oos-Kaap Merino gemiddeld meer wol afskeer per skaap as die gemiddeld van die res van die Merino studiegroepe. Dit bly noodsaaklik dat die Suid-Afrikaanse wolskeersel die internasionale standaard handhaaf. Die prysbepalende faktore van wol moet deur die Merino produsent as prioriteit beskou word met die vasstelling van 'n teelbeleid.



Figuur 2: Die 3 jaar gemiddelde wolproduksie van die Merino


Die Bruto Marge (BM) van die Merino het die afgelopen 3 jaar dramaties toegeneem. Figuur 3 illustreer dat in die Oos-Kaap was die BM se gemiddelde toename oor die laaste 2 jaar 35.74%. Dit was 'n toename vanaf R 431.97/KVE in 2009/10 tot R 586.37/KVE in 2010/11 (R 154.40/KVE). Vir alle Merino studiegroepe was die BM styging in dieselfde tydperk 26.75%. Die toename was vanaf R 420.08/KVE tot R 532.44 (R 112.36/KVE). Die Oos-Kaap 3-jaar gemiddelde BM is R 440.31/KVE teenoor die 3 jaar gemiddelde BM van alle Merino studiegroepe van R 441.96/KVE.



Figuur 3: Die 3 jaar gemiddelde Bruto Marges van die Merino

Figuur 4 dui die gemiddelde reproduksie resultate van die Merino in die Oos-Kaap aan. Die studiegroep resultate bevestig die feit dat reproduksie een van die belangrikste faktore is wat direk bydra tot die inkomste. Reproduksie lewer 'n direkte bydrae tot die produk-inkomste (wol) sowel as tot die handelsinkomste (vee- en vleisverhandeling). Die lampersentasie word bereken deur die aantal lamers lewendig gebore te deel deur die aantal ooie gepaar. Die 3-jaar gemiddeld vir die Merino in die Oos-Kaap dui op 'n gemiddelde lampersentasie van 101.95%. Die hoogste gemiddelde lampersentasie was in 2009/10 met 103.42%. Die 3 jaar gemiddeld vir alle Merino studiegroepe het 'n gemiddelde lampersentasie van 98.30% met 'n hoogste gemiddeld van 99.78% in 2008/09.





Figuur 4: Die 3 jaar gemiddelde Reproduksie van die Merino

Die speenpersentasie word bereken deur die aantal lammers gespeen te deel deur die aantal oioe gepaar. Die Oos-Kaap se 3-jaar gemiddelde speenpersentasie is 92.84% met 'n gemiddelde verlies van 9.12% vanaf lam tot speen. Die 3 jaar gemiddelde speenpersentasie van alle Merino studiegroepe is 89.74% met 'n gemiddelde verlies van 8.56%.

Om vandag steeds die boerdery uitdagings sinvol te bemeester, is dit belangrik dat ingeligte besluite geneem moet word. Die Merinobedryf lewer 'n geweldige positiewe bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie.

* = Universiteit van die Vrystaat, ** = NWKV/RPO Oos-Kaap
 Dr Antonie Geyer, Senior lektor: Landbou-Ekonomi, Posbus 339, Bloemfontein
 9300, T: 051 401 9053, C: 082 6533 255, F: 051 401 9053, GeyerAC@ufs.ac.za,
 www.ufs.ac.za

